VERJAARSDAE : 17 TOT 23 MEI 2009

05/17	ODIE	ODENDAAL	DE OUDE ARTÉ 3	Blok 3
05/18	SHANÉ	HEYMANS	BETTYSTR 379	Blok 1
05/18	WAYNE	MONTGOMERY	CASA MIA WS 7	Blok 1
05/18	SIMONÉ	NORTMANN	2DE STRAAT 11	Blok 1
05/18	CHRISETTA	ROETS	HANS STRIJDOMLN 158	Blok 2
05/18	LETTIE	HAMBRIDGE	DF MALANLN 127	Blok 3
05/18	MARCO	BLIGNAUT	HANS STRIJDOMLN 199	Blok 2
05/19	WAYNE	ALEXANDER	4DE STRAAT 13	Blok 1
05/20	CINDY	STEARS	AZALEA WS 3	Blok 1
05/20	PHILLIP	CRAFFORD	VAN RIEBEECKLN 196	Blok 2
05/21	LEON	LE ROUX	VAN RIEBEECKLN 114	Blok 3
05/21	DAVE	DE BRUIN	KRUGERLN 187	Blok 2
05/23	MARIÉ	DE VILLIERS	KRUGERLN 12	Blok 4

HUWELIKHERDENKINGS : 17 TOT 23 MEI 2009

MAANDAG, 18 MEI

GUSTAV EN HELEEN VENTER	BETTYSTR 379	Blok 1
JACQUES EN DEBBIE ERASMUS	LIQUID AMBER 12	Blok 4

DINSDAG, 19 MEI

STEYL EN SANET ABRIE	FITZPATRICKWEG 17B	Blok2

SATERDAG. 23 MEI

JANNIE EN ANNELIE BADENHORST	DF MALANLN 239	Blok 1

NG KERK KLOOFSIG

H/v Union en Bothalaan

LOUIS FIVAZ KONSERT

22 Mei om 18:30

Volwassenes R50
Skoolkinders R20
Kaartjies beskikbaar by:
www.yourticket.co.za of

Kerkkantoor: 012 - 664 3271
Dries 082 726 3137
Joan 012 - 644 0575

In die voorprogram gaan die 8 jarige Ju-an, wat reeds 'n CD uitgereik het, asook ander plaaslike kunstenaars optree.

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 17 Mei 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 17 MEI
Deurkollekte Jeug
09:00 Erediens: Freddie Schoeman (Tema: Vergewe mekaar)
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

DINSDAG, 19 MEI
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
19:00 Droomspanbyeenkoms (in Jeug-lokaal)
19:00 Sektor 2 vergadering in Gemeente-sentrum

WOENSDAG, 20 MEI
17:00 Biduur
19:00 Parknavalvergadering (Konsistorie—bladsy 9)
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG. 21 MEI
10:00 Hemelvaartdiens
18:30 Alphakursus
19:00 Hemelvaartdiens

VRYDAG, 22 MEI
06:00-06:30 Stiltediens
18:00-22:00 OppiKoffie

SATERDAG, 23 MEI
08:00 Doelgerigte ouerskap

SONDAG, 24 MEI
09:00 Erediens:
Tema: Ons versorg mekaar)
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

25 MEI — 28 MEI
10:00 Pinksterbiduur
19:00 Pinksterbiduur

DONDERDAG, 28 MEI
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 29 MEI
06:00-06:30 Stiltediens
10:00 Pinksterdiens
18:00 OppiKoffie "BASH"

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012-664-3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Tokkie Botha, Van Riebeeckln 204 wat Vrydag in Unitas hospital geopereer is. (Blok 2).
2. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma WS5 met Pieter wat in die hospitaal was (Blok1).
3. Chris en Arina Liebenberg, Van Riebeeckln 81 met Chris wat nog siek is (Blok 4).
4. Bessie du Plessis, Krugerlaan 239(b) wat in die Kaap by haar seun en skoondogter aansterk en behandeling kry. Dit gaan beter. Ons bid haar sterkte toe (Blok 1).
3. Willie en Tania Neü, Krugerln 250a met en Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1).
4. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplanting ondergaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

MEEGEVOEL

Ons innige meegevoel met Hennie en Madelaine Steyn, DF Malanln 249 met Hennie se vader wat Donderdag oorlede is.

Ons bid julle die vertroosting van die Here toe en mag julle sy genade ryklik ervaar in die dae wat kom.

DIE GEBEDSBRIEF 15 : **SONDAG 17 MEI 2009**

Liewe Gemeente

Ons vertrou u het 'n geseënde week gehad. Indien u nie die vorige gebedsbrief ontvang het nie kan u vir Tannie Max 'n afskrif vra. Hierdie is 'n opvolg van verlede week.

VERSOEKE vir jou persoonlike behoeftes. die gelowige mag en moet vir sy eie persoonlike behoeftes na sy Vader toe kom en bid. Hy kan ook met verwagting bid, selfs oor die kleinste dingetjies. In hIerdie periode bid ons vir ons daaglikse brood en ook vir geestelike versterking en toerusting vir ons lewe en werk as gelowiges. In totoale afhanklikheid werp ek myself op God om in my behoeftes te voorsien. Dit wat ons vir onsself vra, mag nooit uit selfsug gebore wees nie; nee, dit moet eer aan ons Vader bring. In hierdie periode loop jy deur die dag, kyk wat jou behoeftes gaan wees en bid daarvoor. John Rice het gesê: Gebed is vra en ontvang. Sê vir die Here waarom jy hierdIe dinge van Hom vra; sodoende maak jy seker dat jy met suiwer bedoelings bid.

DANKSEGGING is om aan die Here jou waardering uit te spreek vir dit wat Hy vir jou en ander gedoen het. In hierdie periode sê ek vir God dankie vir Homself, sy gawes, sy anwoorde op my gebede, sy versorging en voorsiening. Dank die Here vir geestelike, materiële, liggaamlike en enige ander seëninge. Wees spesifiek in jou danksegging en pasop vir veralgemenings. Sê ook vir die Here waarom jy dankbaar is. Dink aan die dag of dae wat verby is en dank die Here vir alles wat jy uit sy hand ontvang het.

SANG is melodieuse aanbidding. Dit hoef nie net in gesamentlike aanbidding gebruik te word nie. Die voorbidder kan sy eie (nuwe) lied vir die Here sing of gebruik maak van bestaande liedere soos dit in verskillende situasies ter sake is. Sang en geestelike oorlogvoering is onlosmaakbaar deel van mekaar. In hierdie periode loof, aanbid, verheerlik en bewonder die bidder sy Vader met sang. Jou sang kan die vorm aanneem van lofliedere, liedere wat van God se mag en van die Here te sing is 'n definitiewe opdrag van God (Ps.100). Sing met entoesiasme en van harte, want dit gaan oor die verheerliking van God. Vir die Here is die gesindheid van jou hart die feit dat jy sy opdrag uitvoer, van meer waarde as dat jy mooi sing.

OORDENKING is om 'n saak dieper te oordink of te ondersoek, om dit geestelik te evalueer. In hierdie periode dink ek aan die wese en die natuur van die Drie-enige God, sy skepping en groot dade. Jy kan 'n gedeelte uit die Skrif gebruik om te oordink, bv 'n psalm, maar ook ander gedeeltes. Christelike oordenking staan teenoor Oosterse meditasie. In Oosterse meditasie gaan dit hoofsaaklik oor 'n passiewe gemoeds-toestand en om jou gemoed leeg te maak. Vir die Christen is oordenking 'n aktiewe proses van evaluering, ondersoeking en bepeinsing waarby hy met sy volle verstand betrokke is en hom deur die Skrif en die Heilige Gees laat lei. Oordenking is om gedissiplineerd na te dink. Waak dat die Satan nie sy gedagtes in jou plant nie. Waak ook teen negatiewe gedagtes in hierdie periode. Bedink alles wat waar, rein, edel, reg, mooi en prysenswaardig is. Wanneer jy 'n betrokke gedeelte uit die Skrif oordink, moet jy onder andere vir jouself vra wat hierdie gedeelte vir jou wil sê.

LYTTELTON-OOS JEUG : BRIEF AAN OUERS

Môre ouers

Ons het verlede Sondag weer weg gespring met die Jeug se verrigtinge en dit was baie interessant. Ons het ook Dinsdag aand die 12de weer by McDonalds gaan werk en ek wil aan almal wat gewerk het baie baie dankie sê vir julle harde werk en dat julle tyd gemaak het vir hierdie belangrike saak. Ons was lekker besig en dankie ook aan al die gemeentelede wat ons ondersteun het.

Ons gaan die 19de weer werk en sal weer u ondersteuning baie waardeer. Ons is ook opsoek na nog 4 persone om vir ons te kom help. Dis regtig 'n ervaring om daar te werk en 'n mens kry sommer respek vir die ouens wat permanent daar werk.

Onthou asseblief ook die Vollyball Kompetiese wat Vrydag-aand die 29ste Mei plaasvind. Daar is 4 spanne, Die Jeug, Die Gemeente, Die Droomspan en die Kerkraad. Kom geniet asseblief die aand saam met ons en skryf julle spanne in by my of Janita. Daar gaan 'n snoepie wees en “Hotdogs” te koop. Koffie en tee gratis!! Bring die hele gesin saam en kom geniet 'n lekker warm aand saam met ons.

Die Jeug

Navrae: Madelaine Steyn sel: 082 354 2455

OOSTELIKE SINODE HERFSKONFERENSIE VIR VROUE SATERDAG 23 MEI 2009

Plek: Gemeentesentrum NG Gemeente Skuilkrans (Val de Grace)
Tyd: 08:30 vir 09:00 stiptelik
Tema: **Kosbaar vir God …my Kleuter/jong kind**
Spreker: Hettie Brittz
- Die waarde van my kind se siel vir God en vir die wêreld
- Hoe dissiplineer ek, wanneer ek my kind se waarde/waardigheid besef
- Kreatiewe dissipl;ine-oplossings

Kosbaar vir God … my Tiener/ouer kind
Spreker: Sonia Jordaan
- Tieners in die Loopgraaf
- My tiener, my trane, my trots

Kosbaar voor God...my lewe/ekself as vrou
Spreker: Dr Arien van der Merwe
- Fisiese selfsorg
- Emosionele selfsorg

Kaartjies: 50.00 per persoon
Skakel: Tersia (Tel: 012 804 9543) e-pos: osorg@sinoos.co.za
(Leonette Smit het 5 kaartjies beskikbaar. Tel: 012 664 4335)

17 Mei 2009

Liewe Gemeente,

Na vandag is daar net 7 dae oor voordat Comrades op die 24ste Mei 2009 plaasvind. **Gawie Pretorius** en sy seun **Vivien Pretorius** het die moeilike taak om vanjaar te hardloop vir ons Bybel-projek.

Tot op datum het ons maar net 54 bybel-beloftes (R1350.00) uit 500 ontvang! (R12,500.00)

In 2007 het julle ons gehelp om nie net ons doelwit van 267 bybels te bereik nie maar oorskry - **271** teen (**R5425.00**). In **2008** het ons gemeente met die hulp van Irene Road Running Klub **311** bybels teen **R7775.00** ingesamel.

Help ons asseblief om Gawie en Vivien weg te stuur met 'n gevoel van blydskap vir die ondersteuning en gebede van Lyttelton-Oos se gemeente.

Ek wil ook vir al dierbare mense wat alreeds bydraes gemaak het en almal wat my elke jaar nog ondersteun het, ***baie dankie*** sê – julle is wonderlik! Ek is seker dat ons al baie mense gelukkig gemaak het met die bybels wat hulle ontvang het.

Groete en seënwense.

Lyn de Bruin

GELUKWENSE

Hartlik geluk aan Gawie en Rina met die geboorte van nog 'n kleinkind - 'n seuntjie. Mag julle baie seën en plesier van hierdie nuwe toevoeging tot die familie ervaar (moontlik kan hy ook eendag aan die Comrades deelneem?).

BAIE DANKIE …

Aan almal wat altyd so gewillig is om te help met begrafnisse en sorg vir heerlike verversings—ook vir die opruim agterna!

Dit word opreg waardeer.

Ria Maree

LUISTER is 'n periode waarin jy vir die Here vra om nuwe dinge aan jou te openbaar, dinge wat Hy wil hê dat jy moet raaksien en aandag aan moet gee. Dit is om doelbewus vir God te vra om sy wil en strategieë/planne aan jou bekend te maak. In wag op die Here gaan dit om God lief te hê. Tydens oordenking wil ons meer van God leer. In die periode van luister wil ons hoor wat God vir ons wil sê. In hierdie periode vra ek: Here, wat verwag U van my, wat is U wil vir my? jy kan ook vir die Here spesifieke vrae vra, miskien moeilike vrae waarop jy nie antwoorde het nie. Wees sensitief vir die Heilige Gees. Skryf alle gedagtes neer wat volgens jou oordeel en waarneming van die Here af kom en toets hulle weer aan die Skrif. Gebruik dit as aanwysings vir die uitvoering van God se opdrag. Wees versigtig om sommer weg te spring en te sê: Die Here het dit en dat vir my gesê. Toets elke keer weer of die Here nog by jou is, nog in die saak is en wees bereid om van koers te verander indien nodig.

LOFPRYSING om God groot te maak en aan Hom te sê dat jy weet tot Wie jy gebid het en dat jy Hom vertrou met jou gebede. Dit is 'n periode van jubel voor die Here. Maak jou amen aan die einde sterk en bevestig daarmee dat jy glo dat God jou gehoor het en sal vehoor. Amen beteken: dit is waar en seker, dit sal so wees.

GEESTELIKE OORLOGVOERING is 'n ander element van gebed wat ook 'n spesifieke plek in ons gebedstryd verdien. Bid en vra die Here om deur die werking van die Heilige Gees aan jou te toon waar magte van die Bose aan die werk is. Vanuit jou gesag in Christus moet jy die magte van Satan in Jesus se Naam bind, hulle vestings verbreek en drogredenasies vernietig. Weerstaan die duiwel en gee aan hom geen vashouplek nie. Jesus het die Bose aan die kruis oorwin. Ons as gelowiges moet hierdie oorwinning op elke terrein van die lewe gaan proklameer. Die aspek van geestelike oorlogvoering sal onder andere na vore kom in die periodes van Waak, Voorbidding en versoeke.

Hierdie metode van gebed kan baie sinvol deur individue en in gebedsgroepe aangewend word. Uit die aard van die saak hoef daar nie vyf minute gehou te word nie - dit kan korter of langer wees. Na verloop van tyd kan elke individu ook sy eie metode of styl ontwikkel. Al die elemente hoef ook nie elke keer in die gebedstyd gebruik te word nie.

Christus Groete

Gebedspan

FEESBUNDEL

Daar is nog enkele bestellings wat nie afgehaal is nie uitstaande. Sal u asseblief DRINGEND u kopie afhaal by Max (Krugerlaan 286, 012 664-3629).

Daar is ook nog 'n paar ekstra kopieë indien u nie bestel het nie! Die koste is R100.

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.)

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iiemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

Alpha

’n Geleentheid

om die betekenis van die lewe te ontdek

23 Junie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op ’n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

PARKNAVAL-VERGADERING

WOENSDAG, 20 MEI 2009 —19:00 IN DIE KONSISTORIE

Sal elke kommissie/aksie — OUDERLINGE, DIAKENS, VROUE-DIENS, KLUB IMMERGROEN, JEUG EN “DROOMSPAN” asseblief **TWEE PERSONE** benoem om die vergadering by te woon. Die ge-dagte is om dit so verteenwoordigend as moontlik te maak en daardeur gewaardeerde insette te kry.

SKAKEL: Kobus Badenhorst 012 664-5448/083 235 1084

Woordwyser Bybelskool

Help elke gelowige Bybelleser om die Bybel beter te verstaan—'n "wyser" na die "Woord" toe.

Datum	Onderwerp	Aanbieder
20 Junie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Sewende eeuse profete lees?	Willie van Heerden
25 Julie 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Jeremia en Klaagliedere lees?	Wille van Heerden
12 September 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons Esegiël lees?	Gustav Claasen
17 Oktober 2009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Priestergeskrif en Deutero-Jesaja lees?	Fanie Cronjé
14 November 3009	Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Deuteronomis en die Ballingskapspsalms lees?	Willem Boshoff

08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139,
vul 'n terugvoervorm in

of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za Jy kan ook op ons webblad registreer by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/woordwys2009.html

Die Bybelskool is 'n sinodale projek van die Oostelike Sinode. Let op dat dit geherstruktureer is

MY OUMA IS IN 'n NARTJIESKIL; MY OUPA IN KANEEL — OF SO-IETS

Sowat dertig Klub Immergroenes het op 6 Mei 2009 die Margaret Roberts Kruietuin naby De Wildt besoek.

Wat 'n aangename ervaring om in die natuur tussen die pragtige Bosveld-bome te kom!

Alhoewel sommige nie met alles saamgestem het met wat Margaret in haar praatjie gesê het nie, was daar tog veel stof — of liewer kruie — tot nadenke. Die Skepper het in die natuur soveel aan ons gegee — baie waarvan ons nog nie gehoor het nie wat tot ons gesondheid tot voordeel is. Dalk is daar tog 'n plaasvervanger vir suiker en 'n kuur vir die rumatiek. Ons moet dit oorweeg om 'n kruietuin by die kerk aan te lê. Ons kan dan spaar op die tee, suiker en koffie rekening en terselfdertyd ons lidmate gesond hou na die liggaam.

Ek glo nie ons sal 'n plaasvervanger vir sjokolade kry nie!!

Die Komitee beplan weer soortgelyke uitstappies. Onthou net die jaffel– en koesister verkope help om die koste laag te hou.

As jy kan, kom help by die jaffel– en koesistermakery.

Baie dankie Thea Neser vir die netjiese reëlings en Alet en Boet Venter vir die voedselaanvullingtjie!

Dit was voorwaar 'n heerlike ervaring.

Dries van der Merwe

As u graag deel wil uitmaak van hierdie groep lidmate, skakel vir Rina en Dries van der Merwe en vind meer uit omtrent die doen en late van die groep!

Tel: 012 664-2468

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 30 Mei 2009

08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2009.html
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog twee ander geleenthede hierdie jaar:
29 Augustus 2009 en 7 November 2009

Word deel van die

FEESKOMITEE!

'n Bediening wat daarop gemik is om gemeentefunksies, -etes en –feeste te reël.

Kom stel jou gawes en talente tot beskikking van die gemeente:

Voedselvoorbereiding
Tafel en –lokaalversierings
Tema-ontwikkeling, ens.

Mans én vroue welkom om aan te meld

Kontak Ronél Vorster by 082-411-3855

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

  (Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

  'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

NUWE BOODSKAPREEKS
10 Mei—21 Junie 2009

Mekáár

Wat dit beteken om deel van 'n geloofsgesin te wees

[Deel van jaartema: Leef naby aan God—hoe om God se stem te hoor deur na mekaar te luister]

Temas:

10 Mei	Inleiding: Wat dit beteken om deel van 'n geloofsgesin te wees
17 Mei	Ons *vergewe* mekaar
24 Mei	Ons *versorg* mekaar
31 Mei	Ons *versterk* mekaar
7 Junie	Ons *verryk* mekaar
14 Junie	Ons *vervul* ons funksie
21 Junie	Viering

Die volgende sal beskikbaar wees en by die tema aansluit:

- Dagstukkies
- Kleingroepriglyne
- Huisgodsdiensriglyne

Watter soort kleingroep wil jy deel van wees?

Vriendskapsgroep * Omgeegroep * Bybelstudiegroep * Groeigroep * Bedieningsgroep * Dissipeskapsgroep

[Dui keuse op terugvoervorm aan]